

# Les 8

Teks: Johannes 4: 43 - 54

## 1. Inleiding

Hoofstuk 4 sluit af met 'n genesing. Die debat in verband met Johannes se toegang tot die ander evangelies duur voort. En daar word natuurlik bespiegel of hierdie dieselfde genesing is as in Matteus 8 en Lukas 7. Maar alhoewel daar baie oor te sê is laat ons die debat daar en fokus op hierdie teksgedeelte.

## 2. 'n Profeet word nie geëer in sy eie vaderland nie.

Ek sluit weer 'n kaar in om hierdie punt bietjie makliker te kan verduidelik. As ons na die kaart kyk werk ons weereens met Galilea en Judea. Die vraag in vers 44 is natuurlik na water vaderland Christus verwys met Sy uitdrukking. Is dit na Judea, wat natuurlik sy geboorteplek Bethlehem en ook Sy geestelike tuiste Jerusalem insluit? Of is Sy Vaderland dan Galilea wat Naseret, dit dorp waarin hy groot geword het, insluit?

Christus se hierdie woorde direk na Hy vertrek vanuit Samaria na Galilea in vers 43. Maar steeds is dit moeilik om te besluit of Hy van Sy Vaderland af kom of daarheen gaan op hierdie stadium. Dit teksgedeelte sluit dan ook 'n verwysing na Kana in, in vers 46.

## 3. Die krag van die woord van die Here

Christus genees die seun van die koninglike beampte deur net 'n woord te spreek. Hy is nie eers naby die huis van die man nie. Dit word bevestig in vers 53. Hier word die tyd van genesing met Christus se uitspraak verbind.

Christus spreek homself skerp uit tenoor mense wat net op grond van tekens en wonders glo. Maar dit is duidelik dat hierdie se fokus eintlik net op die welstand van sy kind is. Hy gaan immers onmiddelik weg van Christus af, wanneer Christus aan sy versoek voldoen het.

Nietemin skep hierdie wonder steeds geloof by hierdie man. En so uniek aan die wonders in die Nuwe Testament. Hierdie man se hele huis kom ook tot die geloof. Dit is die reaksie op Christus se eerste wonder nadat Hy hier in terug is in Galilea. Hierdie koninglike beampte eer wel Christus vir self nog meer as 'n profeet. Vir Hom is Hy die Verlosser, wat letterlik lewe vir sy kind bring en ook verlossing vir sy hele huisgesin.



## 4. Teksverwysings

- a) Gen 1: 3, 6, 9, 11
- b) Spreuke 18: 21
- c) Mattues 8:5 - 13
- b) Lukas 7: 2 - 10

## 5. Vrae

1. Na watter Vaderland dink u verwys Christus in vers 44?
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
2. Hoe word u geloof ervaar in die plek waar u gebore is en/of groot geword het?
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
3. Kan 'n mens werklik lewe spreek?
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
4. Glo ons steeds blindelings in Christus?
  
  
  
  
  
  
  
  
  
  
5. Raak my geloof die res van my Gesing en Familie?

## 6. Bronne

1. Kaart: [https://www.westernseminary.edu/transformedblog/wp-content/uploads/2015/04/ps\\_map.jpg](https://www.westernseminary.edu/transformedblog/wp-content/uploads/2015/04/ps_map.jpg)
2. Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.